

Veilig by die Koning van konings

Teks: Openbaring 19: 11 - 21 & Sondag 19
Teksvers: Openbaring 19:16

1. Inleiding

Geliefdes, wanneer ons 'n goeie of sterk leier ontmoet is daar hoop by ons. Want skielik maak die sisteem van mag en gesag sin. Dit is natuurlik nie iets wat elke dag gebeur nie. Meeste van die tyd is ons uitgelewer aan leiers wat eenvoudig hulle gesag misbruik om hulle self te bevoordeel. Maar wanneer daardie rare oomblik na vore kom en iemand betroubaar en regverdig regeer wil ons hê dat dit vir ewig aanhou.

Maar dan skop die gebrokenheid van die aarde in. Goeie regeerders regeer gewoonlik net vir 'n termyn, 'n aangestelde tyd wat tot 'n einde kom. Selfs wanneer daar nie spesifieke termyne aan 'n amp gekoppel is nie, moet regeerders ook aftree. Want lewenskragte raak uitgeput. Die feilbaarheid van die liggaam is 'n werklikheid in hierdie bedeling.

Dit bring ons by die enigste ware hoof en leier van die kerk, ons Here Jesus Christus. Ons fokus vanaand in die leerdiens op Sondag 19 van die kategismus. Daar is groot vreugde wanneer ons by Christus se oorwinning oor die bose aan die kruis stil word. Daar is hoop wanneer Hy uit die graf opstaan. Maar wanneer Christus opvaar na die hemel voel gelowiges

soms weereens agtergelaat deur die goeie leier. Tog weet ons dat Christus nie afgetree het nie. Hy is nog steeds hard aan die werk aan die regterhand van God soos ons bely.

Ons weet ook dat die bose oorwin is, maar die finale oordeel oor almal op aarde moet nog plaasvind. Ons word stil oor Openbaring 19 se beskrywing van hierdie finale voltrekking van die oordeel. In die middel van hierdie beskrywing sien ons die Koning van Konings en heerser van die heersers in vers 16.

2. 'n Ewige regeerder

Selfs jongmanne word moeg en raak afgemat, selfs manne in hulle fleur struikel en val. Ons ken hierdie bekende beskrywing van die menslike natuur uit Jesaja 40 baie goed. Miskien het ons dit ook al aan ons eie lyf ervaar. Maar uiteindelik is dit waar die verskil tussen menslike natuur en goddelike natuur in kom. Die menslike natuur wat swak is en uiteindelik aan verganklikheid uitgelewer is. Die menslike natuur wat sterf, en dan moet plek maak vir 'n nuwe regeerder.

Wanneer ons na ons Here Jesus Christus kyk wat ten volle oor die menslike en goddelike natuur gelyktydig beskik sien ons dit duidelik raak. Na die menslike natuur van Christus weet ons dat Hy veroordeeld

aan die kruis sterf. Vir die wêreld lyk dit na 'n swak leier waar oorwin word en uitgelewer is. Ons weet egter dat ook Christus se menslike lewe nie by hom geneem word nie, maar dat Hy dit vrywillige opoffer in liefde vir ons.

Tog is die oorwinning en ewige regering van Christus soveel groter en meer. Sy hemelse regering is ver verwyderd van ons begrip en verstand dat dit in beelde in visioene aan Johannes geopenbaar moet word. Dit is waar ons teksgedeelte dan die beskrywing sentreer op die ridder van die wit perd. Want Hy wat eens op 'n donkie Jerusalem in moes ry, is nou die ridder op die wit perd. Die een wat oorwin het en nou op die Heup die titel Koning van konings en Heerser van die heersers dra. Dit is hy wat vir ewig sal regeer, daar sal geen einde aan Sy koningskap wees nie. Dit is daardie unieke troos wat ons uit die belydenis van die regterhand posisie van Christus put. Selfs wanneer die konings van die aarde met hulle leërs bymekaarkom en oorlog maak ten die ruiter van die wit perd in vers 19, sal hulle nie oorwin nie maar in die ewige vuurpoel land.

3. Die verskriklike oordeel

Openbaring 19 is een van die geweldigste gedeeltes in die Woord van die Here. Daarom het dit deur die jare al maklik veroorsaak dat die God veroordeel word as 'n "wrede God". Deel van die taktiek van die bose, die oorlog waarvan ons lees in vers 19 is

die sag maak van die sonde. Ons sien dat die dier en die konings van die aarde, met 'n verdagmakery teen God kom. Dit gebeur al in Genesis 3 met die woorde "het God regtig gesê dat julle van geen boom in die tuin mag eet nie?" Gesag word uitgebeeld as tirannie wat altyd net onbillike eise stel. Tog is dit uiteindelik die bose wat nie omgee vir die mens nie, wat mense net sal gebruik in hulle bose oorlog tot hulle eie voordeel.

Dit is uiteindelik hierdie bose wat 'n volheid bereik in Openbaring 19. In die geregtigheid en getrouheid van die Here kan dit nie ongestraf bly nie. Dit moet uiteindelik duidelik met 'n ystersepter regeer word en gestraf word. Dit moet in geregtigheid gestraf word met die straf wat dit verdien. En dit is dan wanneer dinge in die wêreld se oë skielik wreed en geweldig voorkom. Dan wat ons die godslasterlike uitsprake van 'n vrede God hoor.

Tog hoor en sien ons gewoonlik niks van die wêreld wanneer die kerk vervolgd word nie. Wanneer gelowiges vir hulle geloof gemartel en dood gemaak word. In openbaring 6:9 & 10 hoor ons ook presies hierdie stem van die gelowiges: "onder die altaar het ek die siele gesien van die mense wat doodgemaak is omdat hulle aan die woord van God en aan die getuienis van Jesus vasgehou het." ¹⁰Hulle het hard geroep: "Hoe lank nog, heilige en getroue Heerser? Wanneer voltrek U

die oordeel en wreek U ons dood op die bewoners van die aarde?”

Die oordeel oor die sonde is verskriklik omdat die sonde verskriklik is. Dit is uiteindelik die ridder op die wit perd wat ook hierdie oordeel voltrek. Daarom kan ons bely in antwoord 51 van Sondag 19: “dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar”.

4. Die onuitspreeklike genade

Maar wanneer daar net op die wreed en hardheid van die regverdige oordeel gefokus word, word die genade misgekyk. Die genade waarin die ruiter van die wit perd, in nederigheid Sy eie lewe kom aflê het. Waar Hy gemartel is en doodgemaak is, in die plek van ’n groep uitverkore mense. Want die verskriklike oordeel in Openbaring 19 sal nie alle mense tref nie.

Daar sal die mense wees wat nie mislei is om die merk van die dier te aanvaar en sy beeld te aanbid nie waarvan ons lees in vers 20. Die is die groep mense wat deur die Vader uitverkies is, waarin die Heilige Gees die geloof werk. ’n Geloof wat vasgryp in ons die verlossing in ons Here Jesus Christus. Dit is die ander kant van antwoord 51 uit Sondag 19. Ons versekering dat Christus ons hoof deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede uitstort.

Wanneer jou leier die sterk en magtige leier is kan jy genade verwag. En groter genade as wat ons ook kan beskryf, besyfer of bevat word aan ons bewys deur die koning van konings en die heerser van heersers. Die ruiter van die wit perd is nog aktief in diens aan die regterhand van God. Dit is ons troos vandag nog. Dat ons in alle aanvegtinge van die bose, kan skuil agter ons leier, die ruiter op die wit perd. Die koning van konings en heerser van heersers.

5. Slot

Ons kan afsluit met die volgende gedagte. Ons word vandag maklik veroordeel deur ’n wêreld om ons. ’n Wêreld wat ateïsties alle aandag op die hier en nou wil plaas. Die veroordeling is dan dat ons as gelowiges met ons kop in die wolke loop terwyl alles woel en uit mekaar val hier op aarde. Dat ons fokus weggedraai is van die eintlike probleme. Partykeer neem hierdie veroordelings die ekstreem van ’n ontkenning van alle bonatuurlike sake, en die bestaan van God aan.

Maar soos ons vanaand duidelik gesien het, gaan dit oor leierskap. Dat gaan oor gesag en onderdanigheid. Maar nie sommer aan enige swak leier wat beperk is deur menslike limiete en sonde nie. Nee dit gaan oor die enigste ware hoof en leier van die Kerk. Ons Here Jesus Christus, waar Hy vir ewig as koning van konings en heerser en heersers regeer. Daar waar Hy ook Sy goddelike mag gebruik om die bose te

bind. En om uiteindelik die finale
oordeel oor die bose te bewerkstellig.

Daarom is 'n fokus, 'n hoër fokus na
wat daar bo is so belangrik. Dit is so
belangrik dat die deur die jare deel
geword het van ons geloofsbelydenis.
Dat ons elke sondag wanneer ons die
geloof bely, nie stop by die kruisiging
en opstanding uit die dood nie. Maar
ook verder fokus daar waar Christus
nou werksaam is aan die regterhand
van God. Want ons troos as kerk
vandag nog, is dat ons altyd veilig in
Sy hand is. Dat die bose uiteindelik sal
oorwin word, terwyl ons die ewige
heerlikheid van God se
teenwoordigheid sal ervaar. Ons as
kerk is werklik veilig by die koning van
konings en heerser van heersers. Ons
het die voorreg om Hom as leier en
hoof te volg.

Amen